WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
15 APRIL 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

19 April Twilight Trot nagwedloop/pretloop
22 April Adè van Heerden, Mej SA kom kuier 17:30
23 April Doopgesprekke vir Mei
27 April Mosambiek-uitreik
10 Mei Hemelvaart

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ilze de Villiers
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Ds Kobus Sandenbergh
Kapel 17:30
Dr Neil du Plessis

Eredienste 22 April

Kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ds Ferreira Marais
Kapel 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
Kerk 17:30
Ds Hettie Wessels saam met Adè van Heerden, Mej SA 2017

SENIORS

Silwerhoekie
Geen

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

Donderdae

- Jakaranda Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Donderdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Ds Hettie Wessels (083 254 6833) of Piet Pretorius (072 502 8009)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707 of Ds Ferreira Marais by 072 804 0621. Ons is op die oomblik besig met die Alpha Kursus, jy is welkom om steeds by ons aan te sluit om 19:00 Woensdag.

JEUG

Kategese begin vandag. Welkom terug!

Peuterkerk (0 – 3 jaar)
08:00 & 10:00
KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00 (geen tydens Gesinsdienste)
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 08:00 & 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6

KIX KERK
kinders in christus kerk

JonkX (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

JONKX

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Hettie Wessels 083 254 6833

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Linda le Roux 083 283 5121
Marie van Aarde 082 399 3494

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging

- Nadine de Klerk is opgeneem in die Unitas Hospitaal. Behandeling is gestaak. Haar nommer is 082 773 0822.
- Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha het weer met chemoterapie begin. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752. Sy broer, Jan wat 'n sendeling in Mosambiek is, is ook gediagnoseer met Melanoomkanker en het begin met chemoterapie.
- Willie Visagie reageer goed op behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Xander Wentzel is gediagnoseer met kanker. Sy nommer is 082 420 9047.
- Grizelda du Toit se ma is gediagnoseer met kanker. Haar nommer is 072 027 4130.
- Rita Rheeder sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 073 410 2672.

Ander

- Tannie Susan Jordaan is oorlede. Innige simpatie aan oom Jorrie, Marius, Tanja en die res van die familie. Oom Jorrie se nommer is 082 312 6926.
- Amarina Ross sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 082 773 8634.
- Magda Swanepoel het 'n heupvervanging gehad. Haar man Chris se nommer is 084 742 7512.
- Louw van der Riet is in die Pinehaven Hospitaal. Sy vrou Martie se nommer is 011 475 0257.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

www.GetSnapScan.com

ng kerk
weltevreden

Snapscan
Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Ons het 'n nuwe selgroepleier, indien jy by 'n nuwe groep wil aansluit, kontak asb vir Ds Hettie.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Dagboek solank die volgende belangrike datums vir die volgende kwartaal:

19 April	**Twilight Trot Fun Run/Walk**
27 April	**Mosambiek-uitreik**
10 Mei	**Hemelvaart**
13 Mei	**Moedersdag**
14 Mei	**Pinkster**
22 Mei	**Omgee-gholfdag**
17 Junie	**Vadersdag**
20 Junie	**Projekte-aand met Kevin Leo**

Koffiewinkel-uitbreidings Span benodig!

Ons is op soek na mense om te help met ons projek om die koffiewinkel uit te brei. As jy dink dat jou kundigheid ons kan help en as jy op so 'n manier 'n verskil wil maak, kontak asb vir Gideon Malan by 082 448 2417. Ons wil graag 'n vergadering reël vir einde April.

Mandeladag 2018

18 Julie is Mandeladag en ons wil graag weer serpe en beanies uitdeel vir die minderbevoorregtes in ons gemeenskap. As jy 'n kranige breier is of selfs 'n beginner, wil ons vra dat jy solank begin brei of hekel vir ons projek. Baie dankie aan almal wat reeds vir ons serpe en beanies gebring het, julle is sterre! Ons sal later meer inligting deurgee indien jy betrokke wil raak met die uitdeel op die dag.

DATUM VIR JOU DAGBOEK!

Projekte-aand met Kevin Leo
Woensdag 20 Junie

Hou die afkondigings en brokkies dop vir meer inligting!

Tweedehandse selfone benodig!
Daar is 'n groot behoefte aan ou tweedehandse selfone wat nog in 'n werkende toestand is. Indien jy 'n ou selfoon het, wil ons vra of jy dit groot asb vir ons sal skenk sodat ons dit kan uitdeel aan behoeftiges. Kontak asb vir Alda Boer by die kerkkantoor of gee selfone af by die kerkkantoor, duidelik gemerk vir Alda se aandag.

GEMEENTEBRIEF
April 2018

"April-gekke" lojaal aan Jesus

Daar is min van ons wat nog nie op een of ander wyse beloon is deur 'n winkelgroep se lojaliteitsprogram nie. Ons beursies kreun van al die kaarte wat die belofte van 'n beloning inhou as ons sekere winkels getrou ondersteun. Die Clicks Clubcard, Pick and Pay Smartshopper, Edgars Thank U, FNB eBucks, Discovery Vitality, SAA Voyager, Spur Family Card, Avios & Woolworths WRewards is maar 'n paar van die programme wat bestaan.

Om egter vir punte in aanmerking te kom, is die kriteria eenvoudig: Jy moet baie spandeer! Ja, daardie 10 of 20% afslag, vlugmyle of kontant-terug-opsies kom dikwels met 'n duur prys – meer skuld! In die meeste gevalle finansier ons dus ons eie "beloning". Dit is nogal 'n gek idee!

Toe Jesus sy dissipels voorberei het vir hulle eerste sendingreis in Matteus 10 het Hy geen suikerlagie oor die uitdagings gesmeer wat hulle sou moes trotseer nie. Sy instruksies en die beloning daarvoor sou beslis nie inpas by jou tipiese lojaliteitsprogram nie. Sy leuse in vers 39 *"Hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind"* klink nie baie winsgewend nie. Die eerste dissipels het dit sommer gou besef. Hulle het baie opgeoffer op hierdie reise. Hulle eenvoudige boodskap: *"Die koninkryk van die hemel het naby gekom"* is baie kere nie goed ontvang nie. Hulle is dikwels weggejaag, aangerand, gevange geneem, gespot en selfs doodgemaak. Op die oog af lyk hierdie "belonings" ook dwaas en selfs gek!

Dit is interessant hoeveel "dwase" ons in die Bybel vind wat bereid was om hulle eie gemak volgens wêreldse norme en standaarde op te offer vir hulle geloof. Jesaja het kaal en kaalvoet rondgeloop vir drie jaar (Jes. 20:1-6); Jeremia het met 'n os se juk op sy nek rondgeloop (Jer. 28:1-17) en grond gekoop in die land van die vyand (Jer. 32:1-15); Esegiël het boekrolle van papier opgeëet (Eseg. 2:1-3:3) en Hosea het met 'n prostituut getrou en hul kinders oordeelsname gegee (Hos. 1:2-2:1). Die Nuwe Testament het ook sy kwota "dwase" opgelewer. Die invloedryke Fariseër Saulus word Paulus die apostel om maar een te noem. Hierdie mense het almal iets in gemeen. Hulle verlaat die veiligheid en gemak van anoniem-wees en stel hulself bloot ter wille van hulle geloof.

Hoe ironies is dit nie dat Opstandingdag op 1 April val nie. Tradisioneel staan dit bekend as "Gekkedag" (April Fools' Day). Mense bak mekaar poetse en in die proses tree onwetendes soms as dwaas en met gekrenkte eer uit die stryd. Om lojaal te bly aan Jesus maak egter nie van jou 'n April-gek nie. Ons ontvang die nuwe lewe! Verlorenes (dwase as jy wil) word nou kinders van God genoem! Ja, ons optrede mag dalk dwaas voorkom vir die wêreld wanneer ons soms die ander wang draai, ons goed met ander deel, ons vyande liefhet, mekaar vergewe en bereid is om die minste te wees, maar diep binne in weet ons dit is 'n lewenstyl met baie meer wins en beloning as enige lojaliteitsprogram. Jesus het Homself vrywillig opgeoffer en onskuldig gesterf in ons plek. Hoe dwaas klink dit nie! Hy doen dit om vir ander se foute te betaal. Tog het Hy dit gedoen uit suiwer liefde vir ons! Mag ons daarom bly wees oor die geleenthede op ons pad om "dwaas" te lyk ter wille van ons geloof. Ons beloning – 'n lewe saam met Hom – oortref enigiets anders in hierdie en die volgende lewe!

Neil du Plessis